DIE HOëR TEGNIESE SKOOL PRETORIA-TUINE

POSBUS 49196
HERCULES
0030

COMMERCIALSTRAAT 1025
PRETORIA-TUINE
PRETORIA
0082

TEL: (012) 379-2181/2 • FAKS: (012) 377-1254 • kantoor@htstuine.co.za • www.htstuine.co.za

25 Februarie 2021

Geagte ouers

Dit het onder ons aandag gekom dat 'n wit Kia sonder nommerplate in die omgewing rondry en dogters na skool teister. Volgens ooggetuies is daar vier mans wat leerders met vuurwapens aanhou en hulle van enige kosbare besittings beroof.

Hierdie misdadigers het gister 'n groep Hercules Hoërskool dogters aangeval en beroof. Verlede week is hulle ook gewaar by Hoërskool Tuine.

Die veiligheid van ons leerders is vir ons baie belangrik. Hierdie voorvalle stem ons tot groot onrustigheid. Ons wil u verseker dat ons alles in ons vermoë doen om ons leerders veilig binne die skoolterrein te hou.

Ons wil 'n ernstige beroep op u doen om eerder u kinders self by die skool op- en af te laai. Indien hulle van busse en/of taxi's gebruik maak, moet u reëlings met die bestuurders tref, sodat u ten alle tye kan verseker dat u kind veilig is.

'n Veilige plek is aangewys by die skool se hoofhek, in die parkeerarea, vir ons leerders wat vir vervoer moet wag. Daar is ook 'n permanente sekuriteitswag by die hoofhek.

Enige inligting in verband hiermee kan gerapporteer word aan **Kaptein Msimango** by SAPD, Hercules. Sy nommer is 0726946835.

Wees weereens verseker daarvan dat u kind se veiligheid vir ons van die hoogste belang is.

Vriendelike groete

L M DU PLESSIS
HOOF